15 Januarie 2024

Geagte Ouers/Voogde

Ons deel graag die volgende inligting met u, sodat u ook u beplanning kan doen.

Reëlings aangaande skooltye en toegang tot die skoolterrein:

- Tussen 07:00 en 09:00, op die 16de Januarie 2024, kan die nuwe graad 1-ouers en maatjies hulle boeke kom haal en die onderwysers kom ontmoet.
- Tussen 08:00 en 09:00, op die 15de en 16de Januarie 2024, kan die nuwe graad 4-maats en hulle ouers hulle boeke kom haal en die onderwysers ontmoet.
- Die skool open op 17 Januarie vir al die leerders vanaf graad RR tot 7.
- Gr. RR & R-leerders en hulle ouers, asook alle nuwe leerders vanaf graad 2 tot 7 en hul ouers, kom in die saal bymekaar om 07:30. Teen 08:00 behoort die maatjies in hulle klasse te wees en ouers kan dan verdaag.
- Die skoolhekke open soggens om 07:00 en klasse begin om 07:25.
- Gr. R-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hekkie in Genl. Fronemanstraat, regoor hulle klassies. Die hekkie open om 07:00 soggens en hulle verdaag om 12:45.
- Gr. RR-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hekkie in Genl. Fronemanstraat, regoor hulle klassies. Die hekkie open om 07:00 soggens en hulle verdaag om 12:45.
- Gr. 1-leerders maak die eerste drie dae (17 – 19 Januarie) soggens en smiddags gebruik van die hek in Theo Wassenaarstraat en verdaag om 12:45. Vanaf 22 Januarie maak hulle ook gebruik van die hekin Hans van Rensburgstraat. Graad 2 tot 7-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hek in Hans van Rensburgstraat. Graad 2-leerders verdaag om 12:45 en graad 3-leerders verdaag om 13:00. Graad 4 tot 7-leerders maak gebruik van die hek in Hans van Rensburgstaat en verdaag om 13:45.
- Die skool sluit Vrydae om 13:15 vir graad 4 tot 7-leerders.

Algemene inligting:

- Op 17 Januarie 2024 tree die graad 2 en 3-maatjies (van 2024) op die aantreeblad voor die graad 1-klasse aan. Vandaar sal hulle ingedeel en na hulle nuwe registerklasse geneem word. Graad 5 tot 7-maats (van 2024) tree op die aantreeblad voor die graad 7-klasse aan, vanwaar hulle ingedeel sal word. Leerders kan dus hulle tasse op die onderskeie aantreeblaaie neersit. Lede van die DIENSBAARHEIDSPAN sal aan diens wees om die leerders te help en die tasse op te pas totdat die skoolklok lui.
- Indien dit reën, gaan die graad 2-maats na die graad 2 stoep (die spoep bokant die graad 1-klasse) en die graad 3-maatjies gaan na die graad 3 stoep (die middelste vloer van die seniorblok) toe. Die graad 5-leerders gaan na die Klubhuis en die 6-leerders gaan na graad 6 stoep (die boonste stoep van die seniorblok). Die graad 7-leerders tree aan voor die graad 7-klasse.
- Graad 1-maatjies word by die hek in Theo Wassenaar ontvang en in geval van reën sal die personeel dit daar hanteer.
- Die graad 4-leerders gaan direk na hulle klasse toe.
- Graad 4 – 7 leerders ontvang elkeen ‘n gratis huiswerkboekie. Ons versoek dat leerders die boekie gebruik en nie self ‘n boekie aankoop nie.
- Die dag as u kind **verjaar**, mag hy/sy gewone klere dra. Indien u kind oor ‘n naweek verjaar, mag hy/sy Maandag gewone klere aantrek. Leerders wat gedurende die vakansie verjaar, kan die eerste skooldag na die vakansie gewone klere aantrek.
- Die **huissport** sal op 19 Januarie plaasvind en indien dit reën sal dit op Dinsdag 23 Januarie plaasvind.

Kleredrag en algemene voorkoms:

- Die dra van voorgeskrewe skooldrag is verpligtend en beskikbaar by MG Schoolwear en Ekspaar. Die skool se klerebank, op die terrein van die graad R-maats, is op Donderdae tussen 13:00 en 14:00 oop.

- Skooldrag vir die somer is as volg:
  Meisies: Rooi rokke, bruin kouse, bruin skoene en rooi “ski pants”.
  Seuns: Bruin broek, wit- of roomkleur hemp (skoolwapen opsioneel), bruin kouse met rooi strepe en bruin skoene.

  Somersdrag op Vrydae:
- Meisies en Seuns: Swart kortbroek en rooi Kollegepark-gholfhemp (Feeshempie). Let wel dat “ski pants “ nie toegelaat word nie. Leerders mag tekkies saam met die Vrydagdrag aantrek en slegs die rooi bytjiekouse mag aangetrek word. Hierdie kouse is by MG Schoolwear beskikbaar. Dogters mag nie die skool se sport “skort” op Vrydae aantrek nie.
- Skoolpette is by me. Peters in klaskamer G01, teen R60-00 per pet, beskikbaar.
- Geen eksentrieke haarstyle word by sowel seuns as dogters toegelaat nie. Geen haarmiddels byvoorbeeld “jel” (ook suikerwater), kleursjampoo of sonstrepe word toegelaat nie.

  Seuns: Geen “steps” of kantpaadjies mag ingesny word nie. ‘n “Comb over” haarstyl is slegs aanvaarbaar as daar een lemgrootte verskil tussen die hare langs die kop en die hare bo-op die kop is. Hare mag nie oor die oë, ore of hempkraag hang nie.
  Dogters: Hare wat aan die onderkant van die rok se kraag raak, moet vasgemaak word. Linte, knippies, rekkies en “Alice bands” moet in skoolkleure (rooi, geel of bruin) wees. Linte mag nie strepe, kolle of blomme op hê nie. Geen blomme of blinkertjies word toegelaat nie. Hare mag nie in die gesig hang nie en kuiwe moet bokant die wenkbroue wees of vasgesteek word.
- Seuns mag geensins juwele dra nie. Dogters mag een seëlring en een paar oorringetjies of “studs” dra. Geen edelgesteente- of pêreloorbelle word toegelaat nie. Geen halskettinkies en armbande mag gedra word nie. Geen neus-, mond-, of naeltjieringe word toegelaat nie. Mediese armbandjies en of halskettinkies word wel toegelaat.

Die nuwe Whatsapp groepe vir 2024, sal teen Woensdag 17 Januarie 2024 gefinaliseer wees. Moet asseblief nie die ou groep verlaat voor dan nie en indien u teen Donderdag nog nie op ‘n groep is nie, laat weet asseblief die klasonderwyser of graadvoog.

Groete

Mnr. C. F. HERBST